29. The members of the council to be elected by the senate shall be elected by secret ballot at the last ordinary meeting of the senate held in the year in which they are to be elected, and they shall hold office subject to paragraph 15 of this statute for a period of two years from the first day of January of the following year: Provided that no person shall be so elected unless he has been nominated for the office of at least seven days before the date of the meeting by at least five members of the senate by letter addressed to the registrar.

(2) deel die senaat aan die raad die name mee van die persone wat voldoen het aan die voorwaardes in subparagraaf (1) vermeld;

(3) hou die senaat toesig oor en oefen hy beter beheer uit oor alle eksamens wat deur die universiteit afgeneem word, ooreenkomstig die bepalinge wat vir dié doel deur die senaat voorgeskryf en deur die raad goedgekeur is;

(4) lê die senaat aanbevelings aan die raad voor aangaande welke departemente daar in elk een van die verskillende fakulteite van die universiteit moet wees;

(5) lê die senaat aanbevelings aan die raad voor aangaande—

(a) welke persone ingevolge artikel 9 (1) (e) van die Wet lede van die senaat moet wees;

(b) welke instansies binne die universiteit die senaat ingevolge artikel 9 (1) (f) van die Wet wil aanwys; en

(c) welke persone, benewens die bekleërs van professorate, medeprofessorate en lektorate in paragraaf 37 van hierdie statuut bedoel, lede van die verskillende fakulteitsrade van die universiteit sal wees: Met dien verstande dat die senaat kan aanbeveel dat 'n persoon in (b) of (c) bedoel, nie 'n vergadering van die senaat in komitee of van 'n fakulteitsraad in komitee, na gelang van die geval, mag bywoon nie en dat so 'n persoon óf geen stemreg het nie óf slegs ten opsigte van sekere aangeleenthede mag stem;

(6) stel die senaat tweejaarliks die dekaan van elke fakulteit aan, sowel as 'n sekondusdekaan indien die senaat dit nodig ag: Met dien verstande dat, behoudens die goedkeuring van die raad, in die geval van fakulteite waar die senaat dit nodig ag, 'n voltydse dekaan (sowel as 'n mededekaan of sekondusdekaan waar die senaat dit nodig ag) aangestel kan word vir die tydperk en onderworpe aan die diensvoorwaardes wat die raad goed ag; en

(7) stel die senaat, behoudens die goedkeuring van die raad en ooreenkomstig die onderskeie aktes van skenking, die voorwaardes op vir die toekenning van 'n stipendium, beurs of prys waarvoor die universiteit beskik, en lê hy van tyd tot tyd aanbevelings aan die raad voor insake die toekenning van sodanige stipendia, beurse en pryse.

Verkieping van lede van die raad

29. Die lede van die raad wat deur die senaat gekies moet word, word deur middel van geslote stembriewe gekies op die senaat se laaste gewone vergadering van die jaar waarin hulle gekies moet word, en hulle bekleë hul amp behoudens paragraaf 15 van hierdie statuut vir 'n termyn van twee jaar vanaf die eerste dag van Januarie van die daaropvolgende jaar: Met dien verstande dat niemand aldus gekies word nie tensy hy minstens sewe dae voor die datum van die vergadering deur minstens vyf lede van die senaat per brief gerig aan die registrateur genomineer is.

Vacancies by effluxion of time

30. At least one month before the expiry of the period of office of any member of the council elected by the senate, the registrar shall notify the senate of such expiry and the senate shall elect a successor in the manner prescribed by paragraph 29 of this statute to fill the vacancy: Provided that a member retiring by effluxion of time may be re-elected.

Casual vacancy

31. If any member of the council elected by the senate vacates office before the expiry of his term of office, the senate shall at its next ordinary meeting by secret ballot elect a successor, who shall hold office for the unexpired portion of such term of office: Provided that nominations shall first be called for and made in accordance with the proviso to paragraph 29 of this statute.

Resignation

32. A member of the senate who is elected, declared or appointed as a member in terms of section 9 (1) (c), (e) of (f) of the Act may resign by notifying the registrar in writing of his resignation.

Ordinary meetings

33. At least three ordinary meetings of the senate shall be held in each semester on such dates as the senate may determine.

Special meetings

34. (1) A special meeting of the senate may be called by the rector and deputy chancellor of his own motion at any time, and he shall call such a meeting at the request in writing of at least one-third of the members of the senate.

(2) The object of the meeting shall be stated in the request, and no business other than that of which notice has been given shall be transacted at the meeting.

Chairman at meetings

35. If the rector and deputy chancellor or acting rector and deputy chancellor is not present at a meeting of the senate, the deputy rector who is deputy chairman of the executive committee of the senate shall act as chairman, and if no deputy rector is present, the members present shall elect one of their number to act as chairman at that meeting.

Quorum and procedure

36. (1) The provisions of paragraphs 25 and 26 of this statute shall apply *mutatis mutandis* to meetings of the senate: Provided that—

(a) one-third of the total membership of the senate shall form a quorum;

(b) at least four days before the date determined for an ordinary meeting, and at least two days before the date of a special meeting, the registrar shall give each member written notice of the time and place at which such meeting will be held and of all business to be submitted to such meeting: Provided further that, unless the senate decides otherwise, the period of notice of the business to be submitted to the meeting may be shorter;

Vakatures deur tydsverloop

30. Minstens een maand voor die verstryking van die ampstermyn van 'n lid van die raad wat deur die senaat gekies is, stel die registrateur die senaat daarvan in kennis en die senaat kies 'n opvolger op die wyse voorgeskryf by paragraaf 29 van hierdie statuut om die vakature te vul: Met dien verstande dat 'n lid wat weens tydsverloop uittree, herkiesbaar is.

Toevallige vakature

31. Indien 'n lid van die raad wat deur die senaat gekies is, sy amp neerlê voor die verstryking van sy ampstermyn, kies die senaat deur middel van geslote stembriewe op sy volgende gewone vergadering 'n opvolger, wat die amp vir die onverstreke gedeelte van sodanige ampstermyn beklee: Met dien verstande dat nominasies ooreenkomstig die voorbehoudsbepaling van paragraaf 29 van hierdie statuut eers gevra en verkry moet word.

Bedanking

32. 'n Lid van die senaat wat ingevolge artikel 9 (1) (c), (e) of (f) van die Wet as lid gekies, verklaar of aangewys is, kan bedank deur die registrateur skriftelik van sy bedanking in kennis te stel.

Gewone vergaderings

33. Daar moet in elke semester minstens drie gewone vergaderings van die senaat gehou word op die datums deur die senaat bepaal.

Buitengewone vergaderings

34. (1) Die rektor en visekanselier kan te eniger tyd uit eie beweging 'n buitengewone vergadering van die senaat belê, en op die skriftelike versoek van minstens een derde van die lede van die senaat moet hy so 'n vergadering belê.

(2) Die doel van die vergadering moet in die versoek gemeld word en geen ander sake as dié waarvan kennis gegee is, word op die vergadering behandel nie.

Voorsitter op vergaderings

35. Indien die rektor en visekanselier of waarnemende rektor en visekanselier nie op 'n vergadering van die senaat aanwesig is nie, tree die viserektor wat die ondervoorsitter van die uitvoerende komitee van die senaat is, as voorsitter op, en indien geen viserektor aanwesig is nie, kies die aanwesige lede uit eie geledere 'n voorsitter vir die betrokke vergadering.

Kworum en prosedure

36. (1) Die bepalings van paragrafe 25 en 26 van hierdie statuut is *mutatis mutandis* van toepassing op vergaderings van die senaat: Met dien verstande dat—

(a) een derde van die totale ledetal 'n kworum uitmaak;

(b) minstens vier dae voor die datum wat vir 'n gewone vergadering bepaal is, en minstens twee dae voor die datum van 'n buitengewone vergadering, die registrateur elke lid skriftelik in kennis moet stel van die tyd en plek waarop so 'n vergadering gehou word en van alle sake wat aan die vergadering voorgelê word: Met dien verstande voorts dat, tensy die senaat anders besluit, die tydperk van kennisgewing van die sake wat aan die vergadering voorgelê sal word, korter kan wees.

(2) (a) No motion to frame, amend or rescind any rule or condition affecting the supervision or organisation of instruction in the several departments or the lectures and classes of the university shall be proposed without due notice, unless such motion is either confirmed in accordance with subparagraph (b) or approved by three-quarters of the members present and voting.

(b) For confirmation, any such motion shall require to be adopted at the next ensuing ordinary meeting by a majority of the members present and voting.

Faculty boards

37. (1) There shall be committees of the senate, which shall be known as faculty boards.

(2) The board of each faculty, except the Boards of the Faculties of Medicine and Military Science, shall consist of the professors, associate professors and lecturers in the faculty and such other persons as may be nominated by the council on the recommendation of the senate from time to time.

(3) The Board of the Faculty of Medicine shall consist of the professors, associate professors, heads of departments and senior lecturers in the faculty and such other persons as may be nominated by the council on the recommendation of the senate from time to time.

(4) The Board of the Faculty of Military Science shall consist of the Commanding Officer of the Military Academy, the teaching staff responsible for the various subjects in the Military Academy and such other persons as may be nominated by the council on the recommendations of the senate from time to time.

(5) The dean of a faculty shall be *ex officio* chairman of the board of such faculty, but should he be absent from any meeting of the faculty board, the associate dean or alternate dean, if one has been appointed for that faculty, shall act as chairman and, failing and associate or alternate dean, the members present shall elect one of their number to act as chairman at that meeting.

Duties of faculty boards

38. The board of a faculty shall submit recommendations to the senate on the courses of study, syllabuses and examinations in so far as they affect the departments of that faculty and on such other matters as the senate may from time to time refer to it, and shall advise the senate as to whether the candidates who sat for the university examinations have satisfied the conditions prescribed for the degrees, diplomas or certificates in the faculty.

39. The senate shall not prescribe rules and conditions affecting syllabuses or rules affecting examinations, unless they have first been submitted to the boards of the faculties concerned.

Meetings of faculty boards

40. (1) Unless in the opinion of the chairman of the faculty board concerned there are no urgent matters requiring consideration, a meeting of the board of every faculty shall be held before every ordinary meeting of the senate: Provided that a special meeting of the board of any faculty may be called by the chairman of that board of his own motion, and that such a meeting shall be called by him at the request in writing of at least one-third of the members of the board.

(2) (a) Geen voorstel om enige reël of voorwaarde betreffende die toesig oor en reëling van die onderrig in die verskillende departemente of die voorlesings en klasse van die universiteit op te stel, te wysig of te herroep, mag sonder behoorlike kennisgewing gedoen word nie tensy sodanige voorstel ooreenkomstig subparagraaf (b) bekragtig word of tensy dit deur minstens drie kwart van die lede wat aanwesig is en stem, aangeneem word.

(b) Om bekragtig te word moet enige sodanige voorstel op die eersvolgende gewone vergadering deur 'n meerderheid van die lede wat aanwesig is en stem, aangeneem word.

Fakulteitsrade

37. (1) Daar moet komitees van die senaat wees wat fakulteitsrade genoem word.

(2) Elke fakulteitsraad, uitgesonderd die Fakulteitsrade Geneeskunde en Krygskunde, bestaan uit die professore, medeprofessore en lektore — in die fakulteit en dié ander persone wat die raad van tyd tot tyd op aanbeveling van die senaat benoem.

(3) Die Fakulteitsraad Geneeskunde bestaan uit die professore, medeprofessore, hoofde van departemente en senior lektore van die fakulteit en dié ander persone wat die raad van tyd tot tyd op aanbeveling van die senaat benoem.

(4) Die Fakulteitsraad Krygskunde bestaan uit die bevelvoerder van die Militêre Akademie, die dosente van die verskillende vakke in die Militêre Akademie en dié ander persone wat die raad van tyd tot tyd op aanbeveling van die senaat benoem.

(5) Die dekaan van 'n fakulteit is ampshalwe voorsitter van die betrokke fakulteitsraad, maar indien hy van 'n vergadering van die fakulteitsraad afwesig is, tree die mededekaan of sekundusdekaan, indien een vir die betrokke fakulteit aangestel is, as voorsitter op, en by gebreke van 'n mede- of sekundusdekaan kies die aanwesige lede uit eie geledere 'n voorsitter vir daardie vergadering.

Pligte van fakulteitsrade

38. 'n Fakulteitsraad doen aanbevelings by die senaat oor die studiekursusse, leerplanne en eksamens vir sover dit die departemente van die betrokke fakulteit raak en oor dié ander aangeleenthede wat die senaat van tyd tot tyd na hom verwys, en verwittig die senaat of die kandidate wat die universiteitseksamens afgelê het, voldoen het aan die voorwaardes voorgeskryf vir die grade, diplomas of sertifikate in die fakulteit.

39. Die senaat skryf nie reëls en voorwaardes rakende leerplanne of bepalings rakende eksamens voor nie tensy dit eers aan die betrokke fakulteitsrade voorgelê is.

Vergaderings van fakulteitsrade

40. (1) Tensy daar volgens die oordeel van die voorsitter van die betrokke fakulteitsraad geen dringende sake is wat oorweging verdien nie, word voor elke gewone vergadering van die senaat 'n vergadering deur elke fakulteitsraad gehou: Met dien verstande dat die voorsitter van 'n fakulteitsraad uit eie bewering 'n buitengewone vergadering van die fakulteitsraad kan belê, en op die skriftelike versoek van minstens een derde van die lede van die raad so 'n vergadering moet belê.

(2) The object of the special meeting shall be stated in the request, and no business other than that of which notice has been given shall be transacted at the meeting.

Quorum and procedure

41. The provisions of paragraph 36 (1) of the statute shall apply *mutatis mutandis* to meetings of a faculty board.

CHAPTER V

THE CONVOCATION

Roll of the convocation

42. (1) The registrar shall act as secretary of the convocation and shall keep the roll thereof, and it shall be incumbent upon every member to register his name and address with the secretary and to notify him from time to time of any change of address.

(2) The roll shall be conclusive evidence that any person whose name appears thereon at the time of his claiming to vote as a member of the convocation, is entitled so to vote, and that any person whose name does not appear thereon is not so entitled.

(3) If the secretary in terms of section 11 (1) of the Act is notified of the resignation of a member, he shall as soon as practicable remove the name of that member from the roll.

(4) If a person who has resigned as a member of the convocation wishes to be readmitted as a member of the convocation in terms of section 11 (1) of the Act, he shall apply in writing to the secretary, who shall refer the matter to the next meeting of the convocation for decision.

Election and term of office of president and vice-president

43. (1) The president and the vice-president of the convocation, who shall be elected by the convocation from among their number, shall hold office for a period of two years or until the next meeting of the convocation if before the end of the said period no meeting of the convocation has been held.

(2) In the case of the death or resignation of the president or the vice-president, a successor shall be elected at a meeting of the convocation called by the secretary of the convocation by means of a notice in such newspapers as he may select.

Chairman at meeting

44. The president, or in his absence the vice-president, shall act as chairman at all meetings of the convocation, and in the event of their both being absent, the members present shall elect one of their number to act as chairman at that meeting.

Meetings

45. A meeting of the convocation shall be held within the seat of the university.

46. Save as is provided in paragraph 43 (2) of this statute, a meeting of the convocation shall be called by the president at least once a year and such a meeting shall be called by him or, failing him, by the secretary upon a written request signed by at least 15 members and stating in the form of specific motions the proposed subjects for consideration at such meeting.

(2) Die doel van die buitengewone vergadering moet in die versoek gemeld word en geen ander sake as dié waarvan kennis gegee is, word op die vergadering behandel nie.

Kworum en prosedure

41. Die bepalings van paragraaf 36 (1) van hierdie statuut is *mutatis mutandis* van toepassing op vergaderings van 'n fakulteitsraad.

HOOFSTUK V

DIE KONVOKASIE

Rol van die konvokasie

42. Die registrateur tree op as sekretaris van die konvokasie en hou die rol daarvan, en dit is die plig van elke lid om sy naam en adres by die sekretaris te registreer en om hom van tyd tot tyd van enige adresverandering in kennis te stel.

(2) Die rol is afdoende bewys daarvan dat iemand wie se naam ten tyde van sy aanspraak om as lid van die konvokasie te stem op die rol voorkom, geregtig is om aldus te stem, en dat iemand wie se naam nie daarop voorkom nie, nie aldus geregtig is nie.

(3) Indien die sekretaris ingevolge artikel 11 (1) van die Wet van die bedanking van 'n lid in kennis gestel word, moet hy so gou doenlik die naam van daardie lid van die rol skrap.

(4) Indien 'n persoon wat as lid van die konvokasie bedank het weer ingevolge artikel 11 (1) van die Wet as lid van die konvokasie toegelaat wil word, moet hy skriftelik by die sekretaris aansoek doen, wat die aanleentheid aan die daaropvolgende vergadering van die konvokasie vir beslissing moet voorlê.

Verkieping en ampstermyn van president en vise-president

43. (1) Die president en die vise-president van die konvokasie, wat deur die konvokasie uit eie geledere gekies word, beklee hulle amp vir 'n termyn van twee jaar, of tot die volgende vergadering van die konvokasie indien daar voor die einde van bedoelde termyn geen vergadering van die konvokasie gehou is nie.

(2) In geval van die dood of bedanking van die president of die vise-president, word 'n opvolger gekies op 'n vergadering van die konvokasie deur die sekretaris van die konvokasie belê by wyse van 'n kennisgewing in die nuusblaaie waarop hy besluit.

Voorsitter op vergadering

44. Die president of, indien hy afwesig is, die vise-president tree by alle vergaderings van die konvokasie as voorsitter op, en indien beide afwesig is, kies die aanwesige lede uit eie geledere 'n voorsitter vir die betrokke vergadering.

Vergaderings

45. 'n Vergadering van die konvokasie word binne die setel van die universiteit gehou.

46. Behoudens die bepalings van paragraaf 43 (2) van hierdie statuut word 'n vergadering van die konvokasie minstens een keer elke jaar deur die president belê, en so 'n vergadering moet deur hom of, indien hy in gebreke bly, deur die sekretaris belê word op 'n skriftelike versoek wat deur minstens 15 lede onderteken is en wat in die vorm van spesifieke voorstelle die onderwerpe vermeld wat op die vergadering oorweeg sal word.

Notice of meetings

47. At least four weeks before the date of every meeting of the convocation, notice of such meeting, with a statement of the business to be laid before the meeting, shall be given in such newspapers as the president or, failing him the secretary may select.

Quorum and procedure

48. With the exception of subparagraphs (2), (3) and (6) thereof, paragraph 26 of this statute shall apply *mutatis mutandis* to meetings of the convocation: Provided that—

- (a) 30 members shall form a quorum;
- (b) the first act of each meeting, after it has been constituted, shall be to consider and to confirm by the signature of the chairman the minutes of the last preceding meeting; and
- (c) the chairman may allow any matter of which due notice has not been given to be discussed and action to be taken on it, provided such matter is raised as an unopposed motion.

Elections by the convocation

49. (1) Whenever the convocation has to elect one or more members of the council, the secretary shall have notices calling for nominations published in such newspapers as the president or, failing him, the secretary may select at least five weeks before the date of the election.

(2) All nominations shall be in writing and shall be lodged with the secretary at least three weeks before the date of the election.

(3) Each nomination shall be signed by at least five members of the convocation and shall contain the written acceptance of the nomination by the nominee under his signature.

50. (1) If the number of persons nominated does not exceed the number to be elected for that office, the secretary shall forthwith declare such person or persons to be duly elected.

(2) If the number of persons nominated exceeds the number to be elected, an election shall be held.

(3) If an election is to be held, a written notice shall be posted by the secretary or, failing him, by the president to every member of the convocation at least 14 days before the day of election, and together with the notice shall be sent a printed voting-paper which shall contain in alphabetical order the names of all the candidates, the further wording thereof being determined by the secretary in consultation with the president.

(4) No person shall be permitted to vote on more than one voting-paper at any election.

(5) If a voter has not been supplied with a printed voting-paper, he may obtain one by applying to the secretary and, if the printed voting-paper which was supplied has been lost or destroyed, another may be obtained from the secretary.

Kennisgewing van vergaderings

47. Kennis van elke vergadering van die konvokasie, met 'n uiteensetting van die sake wat aan die vergadering voorgelê sal word, moet minstens vier weke voor die datum van die vergadering gegee word in die nuusblaaie waarop die president of, indien hy in gebreke bly, die sekretaris besluit.

Kworum en prosedure

48. Met uitsondering van subparagrafe (2), (3) en (6) daarvan is paragraaf 26 van hierdie statuut *mutatis mutandis* van toepassing op vergaderings van die konvokasie: Met dien verstande dat—

- (a) 30 lede 'n kworum uitmaak;
- (b) elke vergadering nadat dit gekonstitueer is, begin met die oorweging en die bekragtiging deur die voorsitter se handtekening van die notule van die laaste voorafgaande vergadering; en
- (c) die voorsitter kan toelaat dat enige aangeleentheid waarvan nie behoorlik kennis gegee is nie, bespreek word en dat stappe in verband daarmee gedoen word, mits sodanige aangeleentheid by wyse van 'n onbestrede voorstel geopper word.

Verkiesings deur die konvokasie

49. (1) Wanneer die konvokasie een of meer lede van die raad moet kies, plaas die sekretaris minstens vyf weke voor die verkiesingsdatum kennisgewings waarin nominasies gevra word, in die nuusblaaie waarop die president of, indien hy in gebreke bly, die sekretaris besluit.

(2) Alle nominasies moet skriftelik wees en moet minstens drie weke voor die verkiesingsdatum by die sekretaris ingedien word.

(3) Elke nominasie moet deur minstens vyf lede van die konvokasie onderteken wees en moet die skriftelike aanvaarding van die nominasie deur die genomineerde onder sy handtekening bevat.

50. (1) Indien die getal genomineerde persone nie meer is as die getal wat vir die amp gekies moet word, verklaar die sekretaris dié betrokke persoon of persone onverwyld as behoorlik gekies.

(2) Indien die getal genomineerde persone meer is as die getal wat gekies moet word, word daar 'n verkiesing gehou.

(3) Indien 'n verkiesing gehou moet word, stel die sekretaris of, indien hy in gebreke bly, die president minstens 14 dae voor die verkiesingsdag elke lid van die konvokasie skriftelik per pos daarvan in kennis, en stuur hy saam met die kennisgewing 'n gedrukte stembrief wat die name van al die kandidate in alfabetiese volgorde aangee en waarvan die verdere bewoording deur die sekretaris in oorleg met die president bepaal word.

(4) Niemand mag by 'n verkiesing op meer as een stembrief stem nie.

(5) Indien 'n kieser nie van 'n gedrukte stembrief voorsien is nie, kan hy dit op aanvraag van die sekretaris verkry en indien die gedrukte stembrief wat verskaf is, verlore of vernietig is, kan 'n ander een van die sekretaris verkry word.

(6) All voting papers must be returned to the secretary so as to reach him not later than the day before the election.

(7) At all elections the secretary shall act as returning officer and shall be assisted by two scrutineers appointed by the president of the convocation, or failing him, by the rector and vice-chancellor.

Submission of resolutions to council and senate

51. A copy of all resolutions of the convocation, duly certified by the chairman and the secretary, shall be submitted by the registrar to the council and the senate.

CHAPTER VI

HONORARY DEGREES

Proposals to confer degrees honoris causa

52. The conferring of an honorary degree shall be proposed in writing by at least 10 persons who are members of the council or the senate. The proposal shall be accompanied by a written substantiation and shall be lodged with the registrar.

Voting on degrees honoris causa

53. Voting on the conferring of an honorary degree shall take place without prior discussion and by secret ballot, and no resolution to confer such a degree upon any person shall be adopted by the council or the senate, as the case may be, unless a majority of the members of the body concerned, who are present and voting, vote in its favour.

Procedure

54. Subject to paragraph 53 of this statute, the procedure to be adopted by the council or the senate, as the case may be, with regard to the consideration of proposals to confer honorary degrees shall be determined by the body concerned.

CHAPTER VII

REQUIREMENTS FOR AND CONFERMENT OF DEGREES

Recognition of attendance and examinations in another faculty

55. In the case of a student who is a graduate of any faculty of the university, or of any other university approved by the senate for this purpose, the senate may recognise periods of attendance and examinations passed in any subject for exemption from attendance and examination in that subject as prescribed for any degree in any faculty: Provided that no degree shall be conferred on a student in the latter faculty unless he has satisfied *mutatis mutandis*, the requirements of paragraph 18 (2) of the joint statute.

Congregations for conferring degrees

56. For the purpose of conferring degrees a meeting of the members of the university, to be called a congregation, shall be held.

Chairman of congregation

57. Every congregation shall be presided over by the chancellor, or failing him, by the rector and vice-chancellor, the chairman of the council or one of the vice-rectors.

(6) Alle stembriewe moet aan die sekretaris teruggestuur word sodat dit hom uiterlik die dag voor die verkiesingsdag bereik.

(7) By alle verkiesings tree die sekretaris as kiesbeampste op en word hy deur twee stemopnemers bygestaan wat deur die president van die konvokasie of, indien hy in gebreke bly, deur die rektor en visekanselier aangestel word.

Voorlegging van besluite aan raad en senaat

51. 'n Afskrif van alle besluite van die konvokasie, behoorlik deur die voorsitter en die sekretaris gesertifiseer, word deur die registrateur aan die raad en die senaat voorgelê.

HOOFSUK VI

EREGRADE

Voorstelle vir toekenning van grade honoris causa

52. Die toekenning van 'n eregraad moet deur minstens 10 persone wat lede van die raad of die senaat is, skriftelik voorgestel word. Die voorstel moet vergesel gaan van 'n skriftelike motivering en moet by die registrateur ingedien word.

Stemming oor grade honoris causa

53. Stemming oor die toekenning van 'n eregraad geskied sonder voorafgaande bespreking deur middel van geslote stembriewe en geen besluit om so 'n graad aan iemand toe te ken, word deur die raad of die senaat, na gelang van die geval, aangeneem sonder dat 'n meerderheid van die lede van die betrokke liggaam wat aanwesig is en stem ten gunste daarvan stem nie.

Prosedure

54. Behoudens paragraaf 53 van hierdie statuut word die prosedure wat die raad of die senaat, na gelang van die geval moet volg by die oorweging van voorstelle vir die toekenning van eregrade, deur die betrokke liggaam bepaal.

HOOFSUK VII

VEREISTES VIR EN TOEKENNING VAN GRADE

Erkenning van bywoning en eksamens in ander fakulteit

55. In die geval van 'n student wat 'n gegradueerde in enige fakulteit van die universiteit is of van 'n ander universiteit wat die senaat vir dié doel goedgekeur het, kan die senaat tydperke van bywoning en eksamens waarin geslaag is in enige vak aanvaar as vrystelling van bywoning en eksaminering in daardie vak soos vir 'n graad in enige fakulteit voorgeskryf word: Met dien verstande dat geen graad aan enige student in laasgenoemde fakulteit toegeken word nie tensy hy *mutatis mutandis* voldoen het aan die vereistes van paragraaf 18 (2) van die gemeenskaplike statuut.

Kongregasies vir toekenning van grade

56. Vir die doeleindes van die toekenning van grade word daar 'n vergadering van die lede van die universiteit gehou, wat 'n kongregasie genoem word.

Voorsitter van kongregasie

57. Elke kongregasie vergader onder die voorsitterskap van die kanselier of, in sy afwesigheid, onder die voorsitterskap van die rektor en visekanselier, die voorsitter van die raad of een van die viserektore.

Time and place of congregation

58. A congregation of the university shall be held at Stellenbosch at least once a year on such date as may be determined by the council.

Conferment of degrees

59. No degree, other than an honorary degree, shall be conferred on a person unless the registrar certifies that such person has satisfied all the conditions prescribed for such degree.

60. No person shall be entitled to any of the privileges relating to any degree until that degree has been conferred on him at a congregation.

CHAPTER VIII**STUDENT DISCIPLINE****Contraventions and penalties**

61. It shall be competent for the council to deprive a student of the rights and privileges he enjoys as a student of the university, or to refuse him further admission as a student of the university whether temporarily or permanently, or to make his further admission dependent upon payment of a pecuniary fine not exceeding R4 000 or such greater maximum amount as the council, after consultation with the senate, may from time to time determine, or to impose any other penalty for which rules made by the council provide, if such student has contravened a rule made by the council or if his conduct in or outside the buildings, or on or off the premises of the university, is detrimental to or could be detrimental to the good name of the university, or to the maintenance of order and discipline at the university, or to the proper performance of the work of the university: Provided that no such disciplinary action shall be taken against a student until he has had an opportunity to advance reasons why such disciplinary action should not be taken against him.

62. Should the council deprive a student temporarily or permanently of the rights and privileges he enjoys as a student, or should the council refuse him further admission as a student whether temporarily or permanently, the student concerned shall forfeit all claim to repayment, rebate or remission of fees paid or payable to the university.

CHAPTER IX**REPEAL OF PREVIOUS STATUTE****Repeal**

63. Government Notice R. 387 of 11 August 1961, as amended by the following Government Notices, is hereby repealed:

- R. 748 of 28 May 1962.
- R. 1597 of 28 September 1962.
- R. 1896 of 6 December 1963.
- R. 1440 of 18 September 1964.
- R. 719 of 3 May 1968.
- R. 900 of 12 June 1970.
- R. 1987 of 5 November 1971.
- R. 1958 of 26 October 1973.
- R. 387 of 12 March 1976.
- R. 2512 of 9 December 1977.
- R. 2232 of 10 November 1978.

Datum en plek van kongregasie

58. 'n Kongregasie van die universiteit word minstens een keer per jaar op Stellenbosch gehou op 'n datum deur die raad bepaal.

Toekenning van grade

59. Geen graad, uitgesonderd 'n eregraad, word aan iemand toegeken nie, tensy die registrateur sertifiseer dat sodanige persoon voldoen het aan al die vereistes wat vir die betrokke graad voorgeskryf word.

60. Niemand is geregtig op enigeen van die voorregte verbonde aan 'n graad alvorens die graad aan hom op 'n kongregasie toegeken is nie.

HOOFSTUK VIII**STUDENTETUG****Oortredings en strawwe**

61. Die raad kan 'n student wat 'n reël wat die raad gemaak het oortree of wat hom binne of buite die geboue of op of buite die terrein van die universiteit gedra op 'n wyse wat die goeie naam van die universiteit of die handhawing van orde en dissipline aan die universiteit of die behoorlike voortsetting van die werk van die universiteit benadeel of kan benadeel, die regte en voorregte wat hy as student van die universiteit geniet, ontnem, of hom tydelik of permanent verdere toelating as student van die universiteit ontsê of sy verdere toelating afhanklik maak van die betaling van 'n geldboete van hoogstens R4 000 of sodanige hoër maksimum bedrag as wat die raad van tyd tot tyd na oorlegpleging met die senaat bepaal, of hom enige ander straf opleë waarvoor in reëls deur die raad gemaak voorsiening gemaak word: Met dien verstande dat geen sodanige tugmaatreëls teen 'n student in werking gestel word nie alvorens hy die geleentheid gehad het om redes aan te voer waarom sodanige tugmaatreël nie teen hom in werking gestel behoort te word nie.

62. Indien die raad 'n student die regte en voorregte wat hy as student geniet tydelik of permanent ontnem, of hom tydelik of permanent verdere toelating as student ontsê, verbeur die betrokke student alle aanspraak op terugbetaling, vermindering of kwyt skelding van gelde wat aan die universiteit betaal is of betaalbaar is.

HOOFSTUK IX**HERROEPING VAN VORIGE STATUUT****Herroeping**

63. Goewermenskennisgewing R. 387 van 11 Augustus 1961, soos by die volgende Goewermenskennisgewings gewysig, word hierby herroep:

- R. 748 van 28 Mei 1962.
- R. 1597 van 28 September 1962.
- R. 1896 van 6 Desember 1963.
- R. 1440 van 18 September 1964.
- R. 719 van 3 Mei 1968.
- R. 900 van 12 Junie 1970.
- R. 1987 van 5 November 1971.
- R. 1958 van 26 Oktober 1973.
- R. 387 van 12 Maart 1976.
- R. 2512 van 9 Desember 1977.
- R. 2232 van 10 November 1978.

R. 1924 of 19 September 1980.
 R. 1034 of 28 May 1982.
 R. 920 of 6 May 1983.
 R. 984 of 3 May 1985.
 R. 193 of 27 February 1986.
 R. 11 of 2 January 1987.
 R. 2465 of 6 November 1987.
 R. 204 of 12 February 1988.
 R. 237 of 17 February 1989.
 R. 1710 of 27 July 1990.

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

No. 3180

20 November 1992

RENT CONTROL ACT, 1976

EXEMPTION OF CERTAIN DWELLINGS, GARAGES, PARKING SPACES AND SERVANTS' ROOMS FROM RENT CONTROL

I, Lucas Johannes Nel, Ministerial Representative for the Southern and Eastern Transvaal, Administration: House of Assembly, in accordance with the powers granted to me by Government Notice 1469 of 8 December 1989, hereby declare under section 51 (g) of the Rent Control Act, 1976 (Act No. 80 of 1976), that—

- (a) the dwellings mentioned in the Schedule hereto, are, as from the date on which the occupation of an existing lessee of such a dwelling is lawfully terminated or the date on which the monthly income of such lessee, as defined in Proclamation 32 of 25 March 1983, as amended by Proclamation 99 of 1 July 1983, Proclamation 24 of 20 February 1987 and Proclamation 51 of 1 June 1991, exceeds the applicable income limit stipulated in the Schedule to the first-mentioned Proclamation, as so amended, namely R2 000 in respect of a lessee who is the head of a family with dependants or R1 200 in respect of a single lessee without dependants, whichever date occurs first, provided the lessee in question on the applicable date is not 70 years of age or older; and
- (b) the garages, parking spaces and servants' rooms situated anywhere on land which forms part of land occupied or used in connection with the dwellings referred to in paragraph (a) above, are, as from the applicable date referred to in the said paragraph,

exempted from rent control, on condition that, subject to the provisions of section 28 of the said Rent Control Act, 1976, during a period of three calendar months as from the date of exemption of the relevant premises from rent control, the lessor may not require the lessee to vacate the premises, and further that during a period of two years as from the date of exemption of the relevant premises the rental in respect thereof shall not be increased by more than 10% per annum.

L. J. NEL,

Ministerial Representative:

Southern and Eastern Transvaal.

R. 1924 van 19 September 1980.
 R. 1034 van 28 Mei 1982.
 R. 920 van 6 Mei 1983.
 R. 984 van 3 Mei 1985.
 R. 193 van 27 Februarie 1986.
 R. 11 van 2 Januarie 1987.
 R. 2465 van 6 November 1987.
 R. 204 van 12 Februarie 1988.
 R. 237 van 17 Februarie 1989.
 R. 1710 van 27 Julie 1990.

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

No. 3180

20 November 1992

WET OP HUURBEHEER, 1976

VRYSTELLING VAN SEKERE WONINGS, MOTOR- HUISE, MOTORSTAANPLEKKE EN BEDIENDE- KAMERS VAN HUURBEHEER

Ek, Lucas Johannes Nel, Ministeriële Verteenwoordiger vir Suid- en Oos-Transvaal, Administrasie: Volksraad, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by Kennisgewing 1469 van 8 Desember 1989, verklaar hierby kragtens artikel 51 (g) van die Wet op Huurbeheer, 1976 (Wet No. 80 van 1976), dat—

- (a) die wonings genoem in die Bylae hiertoe, met ingang van die datum waarop 'n bestaande huurder van so 'n woning se okkupasie wettiglik beëindig word of die datum waarop sodanige huurder se maandelikse inkomste soos omskryf in Proklamasie 32 van 25 Maart 1983, soos gewysig by Proklamasie 99 van 1 Julie 1983, Proklamasie 24 van 20 Februarie 1987 en Proklamasie 51 van 1 Junie 1991, die toepaslike inkomsteperk vermeld in die Bylae by eersgenoemde Proklamasie, soos aldus gewysig, naamlik R2 000 ten opsigte van 'n huurder wat 'n gesinshoof met afhanklikes is of R1 200 ten opsigte van 'n enkelopende huurder sonder afhanklikes, oorskry, welke datum ook al eerste voorval, mits die betrokke huurder op die betrokke datum nie 70 jaar of ouer is nie; en
- (b) die motorhuise, motorstaanplekke en bediende-kamers geleë op enige plek op grond wat deel uitmaak van grond wat geokkupeer word deur of gebruik word in verband met die wonings in paragraaf (a) hierbo bedoel, met ingang van die toepaslike datum in die genoemde paragraaf bedoel,

van huurbeheer vrygestel is, op voorwaarde dat, behoudens die bepalinge van artikel 28 van genoemde Wet op Huurbeheer, 1976, gedurende 'n tydperk van drie kalendermaade vanaf die datum van vrystelling van die betrokke perseel van huurbeheer die verhuurder nie van die huurder mag vereis om die perseel te ontruim nie, en voorts dat gedurende 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum van vrystelling van die betrokke perseel die huurgeld ten opsigte daarvan nie met meer as 10% per jaar verhoog mag word nie.

L. J. NEL,

Ministeriële Verteenwoordiger:

Suid- en Oos-Transvaal.

SCHEDULE**Address of premises****Situation of premises**

16 and 16A Terrace Road, Bertrams, Johannesburg	Erf 38, Johannesburg at Bertrams.
27 15th Street, Newlands, Johannesburg	Erf 1921, Johannesburg at Newlands.
14 Portland Avenue, Hurst Hill, Johannesburg	Erf 66, Johannesburg at Hurst Hill.
30 Robinson Avenue, Discovery, Roodepoort	Erf 814, Roodepoort at Discovery.
173 and 173A Church Street, Kenilworth, Johannesburg	Erf 547, Johannesburg at Kenilworth.
28 Robinson Avenue, Discovery, Roodepoort	Erf 816, Roodepoort at Discovery.
46 Richmond Avenue, Auckland Park, Johannesburg	Erf 140, Johannesburg at Auckland Park.
74 Nellie Road, Norwood, Johannesburg	Portion 21 of Portion 2 of Erf 186, Johannesburg at Norwood.
35 and 35A Second Avenue, Geduld, Springs	Erf 693, Springs at Geduld.
40 Robinson Avenue, Discovery, Roodepoort	Erf 684, Roodepoort at Discovery.
23 Stegman Street, Krugersdorp	Erf 89, Krugersdorp.
106 and 106A Elston Avenue and two flats, Benoni	Erf 596, Benoni.
Flats 1-8, Union Court, Union Street, Springs Extension	Portion A of Erf 1454, Springs Extension.
52 14th Street, Orange Grove, Johannesburg	Erf 1396, Johannesburg at Orange Grove.
23 Rosenberg Street, Burgersshoop, Krugersdorp	Erf 203, Krugersdorp at Burgersshoop.
36 Ripley Road, Rossmore, Johannesburg	Erf 233, Johannesburg at Rossmore.
10 Finchley Avenue, Auckland Park, Johannesburg	Erf 1028, Johannesburg at Auckland Park.
96 and 96A Berea Road, Judith Paarl, Johannesburg	Erf 301, Johannesburg at Judith Paarl.
159 Kemston Avenue, Benoni	Erf 541, Benoni.
35 and 35A Second Avenue, Geduld, Springs	Erf 693, Springs at Geduld.
5 and 5A Sixth Avenue, Geduld, Springs	Erf 173, Springs at Geduld.
8 and 8A 10th Avenue, Melville, Johannesburg	Erf 857, Johannesburg at Melville.
96 and 96A Berea Road, Judith Paarl, Johannesburg	Erf 301, Johannesburg at Judith Paarl.
23 High Street, Berea, Johannesburg	Erven 980 and 981, Johannesburg at Berea.

BYLAE**Adres van eiendom****Ligging van eiendom**

Terraceweg 16 en 16A, Bertrams, Johannesburg	Erf 38, Johannesburg te Bertrams.
15de Straat 27, Newlands, Johannesburg	Erf 1921, Johannesburg te Newlands.
Portlandlaan 14, Hurst Hill, Johannesburg	Erf 66, Johannesburg te Hurst Hill.
Robinsonlaan 30, Discovery, Roodepoort	Erf 814, Roodepoort te Discovery.
Kerkstraat 173 en 173A, Kenilworth, Johannesburg	Erf 547, Johannesburg te Kenilworth.
Robinsonlaan 28, Discovery, Roodepoort	Erf 816, Roodepoort te Discovery.
Richmondlaan 46, Auckland Park, Johannesburg	Erf 140, Johannesburg te Auckland Park.
Nellieweg 74, Norwood, Johannesburg	Gedeelte 21 van Gedeelte 2 van Erf 186, Johannesburg te Norwood.
2de Laan 35 en 35A, Geduld, Springs	Erf 693, Springs te Geduld.
Robinsonlaan 40, Discovery, Roodepoort	Erf 684, Roodepoort te Discovery.
Stegmanstraat 23, Krugersdorp	Erf 89, Krugersdorp.
Elstonlaan 106 en 106A en twee woonstelle, Benoni	Erf 596, Benoni.
Woonstelle 1-8, Unionhof, Unionstraat, Springs-uitbreiding	Gedeelte A van Erf 1454, Springs-uitbreiding.
14de Straat 52, Orange Grove, Johannesburg	Erf 1396, Johannesburg te Orange Grove.
Rosenbergstraat 23, Burgersshoop, Krugersdorp	Erf 203, Krugersdorp te Burgersshoop.
Ripleyweg 36, Rossmore, Johannesburg	Erf 233, Johannesburg te Rossmore.
Finchleylaan 10, Auckland Park, Johannesburg	Erf 1028, Johannesburg te Auckland Park.
Bereaweg 96 en 96A, Judith Paarl, Johannesburg	Erf 301, Johannesburg te Judith Paarl.
Kemstonlaan 159, Benoni	Erf 541, Benoni.
Tweede Laan 35 en 35A, Geduld, Springs	Erf 693, Springs te Geduld.
Sesde Laan 5 en 5A, Geduld, Springs	Erf 173, Springs te Geduld.
10de Laan 8 en 8A, Melville, Johannesburg	Erf 857, Johannesburg te Melville.
Bereaweg 96 en 96A, Judith Paarl, Johannesburg	Erf 301, Johannesburg te Judith Paarl.
Highstraat 23, Berea, Johannesburg	Erwe 980 en 981, Johannesburg te Berea.

DEPARTMENT OF ENVIRONMENT AFFAIRS

No. 3144

20 November 1992

DESIGNATION OF POSTS IN LOCAL AUTHORITIES OF WHICH THE INCUMBENTS ARE FISHERY CON- TROL OFFICERS

I, Louis Alexander Pienaar, Minister of Environment Affairs, hereby under section 5 (2) (c) of the Sea Fishery Act, 1988 (Act. No. 12 of 1988), as set out in the Schedule, designate the posts with the concurrence of the local authorities concerned of which the incumbents are fishery control officers.

L. A. PIENAAR,

Minister of Environment Affairs.

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE

No. 3144

20 November 1992

AANWYSING VAN POSTE IN PLAASLIKE OWER- HEDE WAARVAN DIE BEKLEËRS VISSERYBE- HEERBEAMPTES IS

Ek, Louis Alexander Pienaar, Minister van Omgewingsake, wys hierby kragtens artikel 5 (2) (c) van die Wet op Seevisserij, 1988 (Wet No. 12 van 1988), soos in die Bylae uiteengesit, die poste met die instemming van die betrokke plaaslike owerhede aan waarvan die bekleërs visserybeheerbeamptes is.

L. A. PIENAAR,

Minister van Omgewingsake.

SCHEDULE

Local authorities	Posts
Jeffreys Bay Municipality	Assistant Chief: Traffic and Fire Services. Foreman: Cleansing Services.
Hermanus Municipality	Supervisor: Klein River Lagoon. Senior Supervisor: Beaches.
Stilbaai Municipality	Traffic Officer.
Port Alfred Municipality	Senior Traffic Officer. Senior Ranger. Law Enforcement Officer.
Kenton-on-Sea Municipality	Nature Conservation Ranger.
Plettenberg Bay Municipality	Chief Parks and Recreation. Beach Inspector. Law Enforcement. Officer (Protection Services Department).
Langebaan Municipality	Traffic Officer.
Fish Hoek Municipality	Senior Law Enforcement Officer. Law Enforcement Officer.
Cape Provincial Administration—Cape Nature Conservation	Nature Conservators.

BYLAE

Plaaslike owerheid	Poste
Munisipaliteit Jeffreysbaai	Assistent Hoof: Verkeer en Brandweerdienste. Voorman: Reinigingsdienste.
Munisipaliteit Hermanus	Toesighouer: Kleinrivierlei. Senior Toesighouer: Strande.
Munisipaliteit Stilbaai	Verkeersbeampte.
Munisipaliteit Port Alfred	Senior Verkeersbeampte. Senior Veldwagter. Wetstoepassingsbeampte.
Munisipaliteit Kenton-on-Sea	Natuurbewaringsbeampte.
Munisipaliteit Plettenbergbaai	Hoof Parke en Rekreasie. Strandinspekteur. Wetstoepassingsbeampte (Departement Beskermingsdienste).
Munisipaliteit Langebaan	Verkeersbeampte.
Munisipaliteit Vishoek	Senior Wetstoepassingsbeampte. Wetstoepassingsbeampte.
Kaapse Provinsiale Administrasie—Kaaplandse Natuurbewaring	Natuurbewaarders.

DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 3164

20 November 1992

NATIONAL POLICY FOR GENERAL EDUCATION AFFAIRS ACT, 1984

NOTICE OF DETERMINATION OF POLICY

I, Pieter Gabriel Marais, Minister of National Education, hereby give notice in terms of section 2 (2A) of the National Policy for General Education Affairs Act, 1984 (No. 76 of 1984), that I have determined general policy in terms of section 2 (1) (d) of the said Act to be applied in respect of norms and standards for syllabuses and examination, and for the certification of qualifications as far as this relates to the matters referred to in the Schedule hereto.

The documents setting out such policy are obtainable upon written request from the Director-General, Department of National Education, Private Bag X122, Pretoria, 0001.

P. G. MARAIS,

Minister of National Education.

SCHEDULE

1. *National policy for general education affairs*, NATED 02-100. Stipulation to provide for research is attached as an addendum to the report.
2. *Norms and standards for instructional programmes and the examination and certification thereof in technical college education*, NATED 02-190 (92/04). (The whole report has been revised.)
3. *Formal technical college instructional programmes in the RSA*, NATED 02-191 (93/01). Amended N3-instructional programmes.
4. *A résumé of instructional programmes in public ordinary schools*, NATED 02-550 (89/03). Amended pages (pp54-57) are attached as an addendum to this report.
5. *A résumé of instructional programmes in public ordinary schools*, NATED 02-50 (89/03). The addition of Spanish Higher Grade to general policy is attached as an addendum to this report.
6. *A résumé of instructional programmes in public ordinary schools*, NATED 02-550 (89/03). Amendments to the designation of instructional offerings are attached as an addendum to this report.
7. *A résumé of instructional programmes in public ordinary schools*, NATED 02-550 (89/03). Existing syllabuses in the report are supplemented with revised syllabuses of certain subjects.
